\times	16	17	18	19	20	21	22	23	24	25	26	27	28	29	30
4															

Hoe het jy die antwoorde uitgewerk waar die blokke blou gekleur is?



Los die volgende op:

Die toegangsgeld was R3 vir elke kind en 23 kinders het na die park gegaan. Hoeveel het hulle altesaam betaal?



Onderwyser: _____
 Teken: _____
 Datum: _____

Vermenigvuldiging: 2'e, 3'e en 4's tot by 75

Kwartaal 3



Hoe vinnig kan jy die volgende beantwoord?

$1 \times 2 =$ _____	$5 \times 4 =$ _____	$5 \times 2 =$ _____	$2 \times 2 =$ _____
$6 \times 3 =$ _____	$4 \times 2 =$ _____	$2 \times 4 =$ _____	$7 \times 3 =$ _____
$8 \times 4 =$ _____	$2 \times 3 =$ _____	$7 \times 2 =$ _____	$9 \times 4 =$ _____
$3 \times 2 =$ _____	$4 \times 4 =$ _____	$10 \times 3 =$ _____	$1 \times 3 =$ _____
$3 \times 3 =$ _____	$9 \times 2 =$ _____	$6 \times 4 =$ _____	$10 \times 3 =$ _____



Kyk wat jou maat gedoen het.

Bespreek dit.

$$5 \times 2 = 10$$

Ek het begin deur 5×2 soos volg te wys:


Oorslaantel	Gelyke groepe	Herhaalde optelling	Skikkings	Feite
2, 4, - - -	● ● - - - -	2 + - - - -	- rye van 2 xx	$2 \times - = -$ $4 \times - = -$ $- \div - = -$ $- \div - = -$

Doen nou dieselfde met $8 \times 3 = 24$.

Oorslaantel	Gelyke groepe	Herhaalde optelling	Skikkings	Feite

$$6 \times 4 = 24$$

Oorslaantel	Gelyke groepe	Herhaalde optelling	Skikkings	Feite



Deel en toets jou antwoord.

$$63 \div 3$$

$$\begin{aligned}
 &= (60 + 3) \div 3 \\
 &= (60 \div 3) + (3 \div 3) \\
 &= 20 + 1 \\
 &= 21
 \end{aligned}$$

$$21 \times 3$$

$$\begin{aligned}
 &= (20 + 1) \times 3 \\
 &= (20 \times 3) + (1 \times 3) \\
 &= 60 + 3 \\
 &= 63
 \end{aligned}$$

a. $48 \div 5$

b. $64 \div 5$



Los die volgende op:



Ek en my maats het altesaam R63.

Ons wil dit graag gelykop tussen die drie van ons verdeel.

Hoeveel sal elkeen kry?

Onderwyser:
 Teken:
 Datum:

Getalpatrone: drieë tot by 800

Kwartaal 3



Wat kan jy ons vertel van die getalle in die oranje gekleurde blokkies?

Tel in drieë van 703 tot 799.

Tel terug in drieë van 799 tot 903.

Wat kom na 745 as jy in drieë tel?

Wat kom voor 766 as jy terug tel?

701	702	703	704	705	706	707	708	709	710
711	712	713	714	715	716	717	718	719	720
721	722	723	724	725	726	727	728	729	730
731	732	733	734	735	736	737	738	739	740
741	742	743	744	745	746	747	748	749	750
751	752	753	754	755	756	757	758	759	760
761	762	763	764	765	766	767	768	769	770
771	772	773	774	775	776	777	778	779	780
781	782	783	784	785	786	787	788	789	790
791	792	793	794	795	796	797	798	799	800



Voltooi die getallereekse.

703; 706; 709; _____; _____; _____ 799; 796; 793; _____; _____; _____



Tel drie by of trek dit af.

1. Tel drie by die gegewe getal.

Ons het die eerste een vir jou gedoen.

$$a. 766 + 3 = 769$$

b. 766 _____ c. 783 _____ d. 756 _____ e. 713 _____ f. 790 _____



2. Trek drie af van die gegewe getal. Ons het die eerste een vir jou gedoen.

b. 763	c. 789	d. 756	e. 713	f. 799
--------	--------	--------	--------	--------

3. Wat gebeur as jy drie optel by of aftrek van die getalle hier bo?



Kyk na die blou sirkels op die getallekaart.

a. Wat let jy op omtrent hierdie sirkels? _____

b. Brei die volgende getallereekse uit:

704; 707; 710; _____; _____; _____	782; 785; 788; _____; _____; _____
773; 776; 779; _____; _____; _____	779; 782; 785; _____; _____; _____
779; 776; 773; _____; _____; _____	



Skryf die korrekte getal in elke sirkel op hierdie getallelyne in.

a.

701	702	○	704	705	○	707	708	○	710	711	○	713	714	○	716	717	○	719	720	
		○			○			○			○			○			○			○

b.

741	○	743	744	○	746	747	○	749	750	○	752	753	○	755	756	○	758	759	○
	○			○			○			○			○			○			○



Ek het 'n getal met 3 syfers:

Die eerste syfer is 7, die volgende syfer is twee meer as sewe, en die laaste syfer is sewe minder as sewe.

Watter getal kry jy as jy 3 keer vanaf hierdie getal in tiene vorentoe tel?



Onderwyser: _____

Teken: _____

Datum: _____

Vermenigvuldiging: viers tot by 75

Wat kom in viers?
Die wiele van 'n motor.



Hoeveel wiele is daar
aan ...

- 1 motor?
- 2 motors?
- 3 motors?
- 4 motors?
- 5 motors?
- 6 motors?
- 7 motors?
- 8 motors?
- 9 motors?
- 10 motors?

Pas die som by die vraag
aan die linkerkant:

- $9 \times 4 = 36$
- $7 \times 4 = 28$
- $2 \times 4 = 8$
- $4 \times 4 = 16$
- $3 \times 4 = 12$
- $5 \times 4 = 20$
- $1 \times 4 = 4$
- $10 \times 4 = 40$
- $6 \times 4 = 24$
- $8 \times 4 = 32$



Voltooi die tabel.

Groepe	Vermenigvuldig	Verdeling	Deel
12 groepe van 4	$12 \times 4 = 48$	Verdeel 48 tussen 4	$48 \div 4 = 12$
16 groepe van 4		Verdeel 64 tussen 4	
18 groepe van 4		Verdeel 72 tussen 4	
15 groepe van 4		Verdeel 60 tussen 4	




Voltooi die tabel.

Verdeling	Deel
Verdeel 35 tussen 4	$35 \div 4 = 8$ en 3 bly oor
Verdeel 55 tussen 4	
Verdeel 70 tussen 4	
Verdeel 75 tussen 4	



Voltooi die vloeiagramme.



Voltooi die tabelle hieronder:

\times	1	2	3	4	5	6	7	8	9	10	11	12	13	14	15
4															
\times	16	17	18	19	20	21	22	23	24	25	26	27	28	29	30
4															

Hoe het jy die antwoorde uitgewerk waar die blokke blou gekleur is?



Los die volgende op:

Ek het R75.
Hoeveel partytjiegeskenkies teen R4 elk kan ek koop?



Onderwyser:
Teken:
Datum:

Getalpatrone: viers tot by 800



Wat kan jy ons vertel van die getalle in die oranje gekleurde blokkies?

Tel in viers van 704 tot 800.

Tel terug in viers van 800 tot 704.

Wat kom na 736 as jy in viers tel?

Wat kom voor 776 as jy terug tel?

701	702	703	704	705	706	707	708	709	710
711	712	713	714	715	716	717	718	719	720
721	722	723	724	725	726	727	728	729	730
731	732	733	734	735	736	737	738	739	740
741	742	743	744	745	746	747	748	749	750
751	752	753	754	755	756	757	758	759	760
761	762	763	764	765	766	767	768	769	770
771	772	773	774	775	776	777	778	779	780
781	782	783	784	785	786	787	788	789	790
791	792	793	794	795	796	797	798	799	800



Voltooi die getallereekse.

704; 708; 712; ____; ____; ____

724; 728; 732; ____; ____; ____



Tel vier op of trek dit af.

a. $764 + 4 = 768$

I. Tel vier by die gegewe getal. Ons het die eerste een vir jou gedoen.

b. 764 ____

c. 788 ____

d. 754 ____

e. 7184 ____

f. 794 ____



a. $76\cancel{4} - \cancel{4} = 76\textcircled{0}$

2. Trek vier af van die gegewe getal. Ons het die eerste een vir jou gedoen.

b. 768	c. 784	d. 752	e. 714	f. 798
--------	--------	--------	--------	--------

3. Wat gebeur as jy vier by die getalle hier bo tel of daarvan aftrek?




Kyk na die blou sirkels op die getallekaart.

a. Wat let jy op omtrent hierdie sirkels? _____

- b. Brei die volgende getallereeks uit:
- | |
|------------------------------------|
| 711; 715; 719; _____; _____; _____ |
| 703; 707; 711; _____; _____; _____ |
| 773; 777; 781; _____; _____; _____ |
| 783; 779; 775; _____; _____; _____ |
| 799; 795; 791; _____; _____; _____ |



Vul die korrekte getal in elke sirkel op hierdie getallelyne in.



Ek het 'n getal met 3 syfers.

Die eerste syfer is 7, die volgende syfer is een meer as sewe, en die laaste syfer is drie minder as sewe.

Watter getal kry jy as jy 3 keer vanaf hierdie getal in tiene vorentoe tel?



Onderwyser:
Teken:
Datum:

Vermenigvuldiging en deling: 2'e, 3'e, 4's en 5'e tot by 75

Kwartaal 3



Hoe vinnig kan jy die volgende beantwoord?

$1 \times 2 =$ _____	$5 \times 3 =$ _____	$4 \times 2 =$ _____	$10 \times 2 =$ _____
$4 \times 3 =$ _____	$3 \times 2 =$ _____	$2 \times 2 =$ _____	$3 \times 3 =$ _____
$6 \times 4 =$ _____	$4 \times 3 =$ _____	$5 \times 3 =$ _____	$9 \times 4 =$ _____
$6 \times 5 =$ _____	$8 \times 3 =$ _____	$9 \times 4 =$ _____	$8 \times 5 =$ _____
$7 \times 3 =$ _____	$8 \times 5 =$ _____	$2 \times 5 =$ _____	$7 \times 5 =$ _____




Kleur die blokke in waar die som een oorlos.

$12 \div 2 = 6$	$13 \div 3 = 4 \text{ res } 1$	$15 \div 5 =$ _____	$18 \div 5 =$ _____
$20 \div 4 =$ _____	$23 \div 4 =$ _____	$16 \div 3 =$ _____	$18 \div 3 =$ _____
$25 \div 2 =$ _____	$24 \div 2 =$ _____	$30 \div 2 =$ _____	$29 \div 2 =$ _____
$19 \div 3 =$ _____	$17 \div 3 =$ _____	$31 \div 5 =$ _____	$30 \div 5 =$ _____
$55 \div 5 =$ _____	$52 \div 5 =$ _____	$57 \div 3 =$ _____	$60 \div 3 =$ _____



Hoe weet jy waardeur 'n getal gedeel kan word?

- 3? As jy die syfers optel,
b.v. As jy die syfers van 'n getal optel (bv. 72 wat die syfers $7 + 2 = 9$) en jy kan daardie nuwe getal deur 3 deel (bv. 9 is deelbaar deur 3).
- 2? _____
- 5? _____



Deel en toets jou antwoord.

$$65 \div 3$$

$$\begin{aligned}
 &= (60 + 5) \div 3 \\
 &= (60 \div 3) + (5 \div 3) \\
 &= 20 + 1 \text{ res } 2 \\
 &= 21 \text{ res } 2
 \end{aligned}$$

$$21 \times 3 + 2$$

$$\begin{aligned}
 &= (20 + 1) \times 3 + 2 \\
 &= (20 \times 3) + (1 \times 3) + 2 \\
 &= 60 + 3 + 2 \\
 &= 65
 \end{aligned}$$

a. $49 \div 5$

b. $65 \div 5$



Los die volgende op:

Jy moet navorsing gaan doen.
Hoe weet jy 'n getal kan deur 4 gedeel word?



Onderwyser:
Teken:
Datum:



Eienskappe van 3-D voorwerpe



Kyk na die prentjies.

Gesels oor die oppervlakte van die voorwerpe. Gebruik woorde soos "plat" en "geboë".

Balle	Bokse	Silinders	Piramiedes	Keëls



Kyk na die prentjies en voltooi die sinne en vrae.



a. Die bal _____.



b. Hoekom gly die bal nie?



c. Die silinder _____.






d. Kan die silinder ook gly?



Noem die voorwerpe in elke prentjie.




Jy hoef elke voorwerp net een keer te noem. Sê of dit kan rol of gly.



<hr/> <hr/>	<hr/> <hr/>	<hr/> <hr/>
-------------	-------------	-------------



Sê of die 3-D voorwerpe plat of geboë oppervlakte het.

		
<hr/>	<hr/>	<hr/>



Teken die volgende:

'n Boks wat op 'n silinder balanseer.	'n Bal wat op 'n silinder balanseer.	'n Silinder wat op 'n boks balanseer.



Onderwyser: _____

Teken: _____

Datum: _____

Datum: _____

91

Breukstrokiestelle

Materiaal: 5 stroke papier in verskillende kleure, skêre, potlode/kryte


Kwartaal 3




Maak die stel.

Knipselblad 5

Skryf die woorde: "Een hele" op een strook. Neem nog 'n strook en vou dit versigtig in die helfte. Maak dit dan oop. Hoeveel gelyke dele het jy? Skryf $\frac{1}{2}$ op elke helfte en sny langs die voue. Neem 'n derde strook en vou dit in die helfte, vou dit dan weer in die helfte. Maak dit oop. Hoeveel gelyke dele het jy? Skryf $\frac{1}{4}$ op elke kwart, en sny dan op die voue. Probeer nou nog twee stroke maak. Wys met die een vyfdes en met die ander een agtstes.



Gebruik die stukke in die breukstel om jou te help om hierdie vrae te beantwoord.



Hoeveel vyfdes is gelyk aan 'n hele?

Hoeveel agtstes is gelyk aan een halwe?









Breuke op 'n getallelyn.

Hierdie strook wys een hele. 	Hierdie sirkel wys een hele.
Deel die strook in derdes. 	Deel die sirkel in derdes. Kleur een derde in.





Kleur nou die volgende in:

Een halwe 	Drie kwarte 	Twee derdes 
Vier vyfdes 	Een halwe 	Vyf agtstes 




Teken die volgende:

Drie kwarte met behulp van 'n vierkant.	Een helfte met behulp van 'n sirkel.	Twee derdes met behulp van 'n driehoek.
Vier vyfdes met behulp van 'n sirkel.	Vier agtstes met behulp van 'n vierkant.	Twee derdes met behulp van 'n reghoek.



Berei jou stel voor.

- Knip elkeen van die 6 sirkels op knipselblad 6 uit.
- Knip vyf van die sirkels in stukkies al langs die lyne uit.
- Merk elke stuk:
 - o Skryf die breuk van die hele uur aan een kant.
 - o Skryf die aantal minute in daardie breuk aan die ander kant.



Nog breuke



Skryf Ja of Nee.

- 'n Halwe is een helfte van een hele
- 'n Halwe van 'n helfte is een kwart
- 'n Kwart is die helfte van 'n halwe
- 'n Halwe en twee kwarte maak 'n hele
- 'n Halwe en een kwart maak drie kwarte



Verdeel 'n pastei.

Sipho, Gugu, Andile en Lisa deel een pastei.



a. Ek is honger!
Ek wil die helfte hê!

Sipho



b. Goed! Ek wil 'n kwart hê.

Gugu



Teken Sipho se deel.

Teken Sipho en Gugu se dele.

c. Ek wil die helfte hê van wat oor is.

Andile



d. Hoeveel van die pastei is oor vir my?

Lisa











Teken Sipho, Gugu en Andile se dele.

Teken al hulle dele van die pastei.



Verdeel die vorms tussen die kinders. Gebruik 'n verskillende kleur vir elke kind. Ons het die eerste een vir jou gedoen.

 	 	 	 
---	--	---	---




<p>Vier maats verdeel 5 liquorice stroke gelykop. Hoeveel sal elkeen kry? Wat is die vraag?</p>	<p>Ses maats verdeel 9 liquorice stroke gelykop. Hoeveel sal elkeen kry? Wat is die vraag?</p>
<p>Wat is die getalle?</p>	<p>Wat is die getalle?</p>
<p>Teken 'n prent.</p> <div data-bbox="234 1700 798 2007" style="border: 1px solid black; height: 135px;"></div>	<p>Teken 'n prent.</p> <div data-bbox="859 1700 1423 2007" style="border: 1px solid black; height: 135px;"></div>



Verdeling lei tot breuke

Kwartaal 3


Hier is 12 tellers



Ons is twee maats. Ons het net een houer wat presies in die helfte verdeel is.

Ons sê hierdie is een helfte.


Ons sê hierdie is een helfte.



Ons verdeel die twaalf tellers tussen die twee van ons.

Ek het ses tellers.

Ek het ses tellers.



Teken 'n prent van die volgende en beantwoord die vraag.

Nege balle tussen drie maats verdeel.



- Hoeveel balle sal elke meisie kry?
- Wat is die breuk wat elke meisie sal kry?

Twaalf balle verdeel tussen vier maats. Drie van die maats is seuns.




- Hoeveel balle sal elke meisie kry?
- Watter breuk sal elke seun kry?




Watter breuk sal Mandla kry?
Watter breuk sal Lisa kry?

My naam is Mandla.




- Hoeveel balle sal Mandla en Lisa kry?

My naam is Lisa.



- Hoeveel balle sal Mandla en Lisa kry?



Verdeel lekkers.

'n Paar maats deel 'n paar lekkers. Hulle kry elkeen 'n $\frac{1}{2}$ (die helfte) van 'n pakkie.

a. Hoeveel pakkies moet hulle verdeel tussen:

4 maats? _____ 6 maats? _____ 9 maats? _____

b. Hoeveel maats kan die volgende deel:

4 pakkies? _____ 10 pakkies? _____ $3\frac{1}{2}$ pakkies? _____



Dansrompe.

Die ma's en oumas maak dansrompe.

Vir 1 romp het hulle $2\frac{1}{2}$ meter (m) materiaal nodig.

Die materiaal kos R6 per meter.



a. Hoeveel rompe kan hulle maak van ...

5 m? _____ 10 m? _____

20 m? _____ 25 m? _____

b. Hoeveel materiaal het hulle nodig om te maak?


2 rompe _____ 3 rompe _____ 4 rompe _____

c. Hoeveel kos die materiaal om _____ te maak?

1 romp _____ 2 rompe _____ 3 rompe _____

d. Hoeveel rompe kan hulle maak vir ...

R450? _____ R825? _____ R180? _____



Onderwyser:

Teken:

Datum:

Die afstand om iets

Die woord omtrek beteken die lengte of afstand om 'n voorwerp.

	<p>'n Boer het 'n driehoekige stuk grond.</p> <p>Ons kan die omtrek van die stuk grond kry deur die lengte van die sye bymekaar te tel.</p> <p>Omtrek = $12\text{ m} + 12\text{ m} + 6\text{ m} = 30\text{ m}$</p>
--	---




Soek hierdie omtreкке.



Veronica se tuin.

Veronica teken 'n diagram van die tuin wat sy wil beplant.



- Wat is die omtrek van die oppervlakte waar sy haar kruie plant? _____
- Watter twee dele het dieselfde omtrek? Wat is hulle omtrek?

_____ en _____ het 'n omtrek van _____ m.

- Sy het 'n heining om die hele tuin nodig. Die draad kos R50 per meter. Hoeveel sal die draad kos? _____



Beplan jou eie tuin.

Gebruik die geruite blad op knipselblad 7 om jou eie tuin te beplan. Wys al die mates en die plante wat jy wil plant.




Meet sirkels.

Werk saam met 'n maat.

Materiaal: 10 ronde voorwerpe van verskillende groottes soos 'n bord, 'n glas, kleef lint, 'n bottelprop, tou en 'n skêr.

1. Kies een van die ronde voorwerpe om met die tou te meet.
2. Knip 'n stuk tou die presiese lengte wat net om die voorwerp pas.
3. Gebruik nou dieselfde stuk tou en trek dit regoor die sirkel. Tel hoeveel keer dit oor die sirkel span.
4. Doen dieselfde met die ander sirkelvormige voorwerpe.
5. Skryf neer wat jy raaksien.



Die afstand om 'n sirkel word die **omtrek** genoem.



Die afstand oor die sirkel word die **middellyn** genoem.



Handelsgeld

Speel hierdie speletjies saam met 'n maat.

Materiaal:

RIOO

RIO

RI

IOc

Ic



RIOO	RIO	RI	IOc	Ic

Geldbord (knipselblad 8), papier en potlood,
twee dobbelstene, speelgoedgeld (op knipselblad 9):
RIOO- en RIO-note; RI-, IOc- en Ic-munte.

Plaas die geldbord op die tafel.

Die bord het 5 kolomme wat van links na regs, RIOO, RIO, RI, IOc en Ic is.

Ons gebruik die eerste 3 kolomme vir hierdie speletjie.




Tel tot by 100 rand.

1. Elke speler kry 'n beurt om die dobbelsteen te gooi. Tel die twee getalle op.
2. Neem daardie aantal RI-munte en plaas hulle in die RI-kolom op jou bord.
3. Sodra jy tien RI-munte het, moet jy dit inruil vir 'n RIO-noot.



4. Die een wat eerste tien RIO-note bymekaar maak en dit vir 'n RIOO-noot inruil, is die wenner.



5. **Boetes:** As 'n speler die rondte voltooi en vergeet om tien RI-munte vir een RIO-noot in te ruil, en die ander speler die fout raaksien, is die boete RI. Indien 'n speler vergeet om tien RIO-note vir een RIOO-noot in te ruil, moet hy of sy RIO aan die ander speler betaal.



Trek af van R100 tot by RO.

Speel dieselfde speletjie, maar begin met tien RIO-note, en trek die som van die getalle op die dobbelstene af. Die speler wat eerste RO kry, is die wenner.

R100'e	R10'e	R1'e	10c	1c



Optelling en aftrekking tot by R1 000.

Tel die som van die dobbelstene in elke rondte op, en neem daardie aantal RIO-note. Die eerste een wat R1 000 kry, is die wenner. Of begin met R1 000, en trek af ná elke beurt. Die eerste speler wat RO het, wen.



Tel op tot by R1.

Speel op dieselfde manier as met die eerste speletjie, maar hierdie keer moet jy die dobbelstene gooi en die som van die getalle in 1c-munte neem. Wanneer jy tien 1c-munte het, moet jy dit vir 'n 10c-munt inruil. Die eerste een wat tien 10c-munte kan inruil vir 'n R1-muntstuk is die wenner.



Trek sente af.

Begin met R1, en trek met elke spel af. Die eerste een wat 0 sent het, is die wenner.










Hoede te koop.

Die winkel verkoop hoede teen 5 verskillende pryse.



							Totale
Hoed a 	R20	R20	R20	R20	R20	R20	R120
Hoed b 	R25	R25	R25	R25	R25	R25	
Hoed c 	R50	R50	R50	R50	R50	R50	
Hoed d 	R75	R75	R75	R75	R75	R75	
Hoed e 	R100	R100	R100	R100	R100	R100	

a. Bepaal die waarde van die hoede in elke ry.

b. MaZondo koop 1 van elke soort hoed.


Hoeveel betaal sy altesaam? _____

c. Buti bestee altesaam R450. Hy koop 1 hoed vir R100.

Watter ander hoede koop hy? Toon 2 moontlike antwoorde.


Kontroleer!
Vergelyk!
Maak reg!

Antwoord 1	Antwoord 2



By die bakkery.

Musa gebruik hierdie resep om 'n sponskoek te maak.



Sponskoekresep

Vir die koek: 40 g bruismeel; 3 eiers; 50 g versiersuiker

Vir die vulsel: 140 ml room

a. Werk uit hoeveel Musa nodig het om 6 koeke te bak.

Koek	Bruismeel	Eiers	Versiersuiker	Room
1	40 g	3	50 g	140 ml
2				
3				
4				
5				
6				

b. Merk (✓) die korrekte antwoord.

1 liter room kan omtrent: 10 koeke; 7 koeke; 8 koeke versier.



Vinnige somme.

Kontroleer!
Vergelyk!
Maak reg!

$10 \times 7 =$	$10 \times 70 =$	$5 \times 7 =$	$5 \times 70 =$	$70 \times 2 =$
$12 \times 4 =$	$12 \times 8 =$	$6 \times 16 =$	$5 \times 9 =$	$50 \times 9 =$
$15 \times 3 =$	$15 \times 6 =$	$10 \times 4 =$	$8 \times 4 =$	$18 \times 4 =$



Meer oor data



By die polisiestasie.

Vyf polisielede doen verskillende take. Waar is hulle nou?

	By die toonbank	Op patrollie	In die hof
Serufe			x
Maria	x		
Sam	x		
Amos		x	
Dudu			x

Skryf die name neer. Wie is by: Die toonbank? _____

Op patrollie? _____

In die hof? _____



Boomplantdag



Vyf skole kompeteer om te sien wie die meeste bome op Boomplantdag kan plant.



= 10 bome.

Klipspruit	
Mthonjeni	
Sonskyn	
Thuthong	
Mosiba	

Hoeveel bome plant elke skool?

Klipspruit	Mthonjeni	Sonskyn	Thuthong	Mosiba

Hoeveel bome het die skole altesaam geplant? _____






Watter soort dak?

Die Graad 3-klas maak 'n opname in hulle dorpie.

Hulle wil uitvind oor die soort dakke op die verskillende huise.

Hulle wys hul resultate in hierdie blokgrafiek.

Hulle maak 'n regmerk (✓) vir elke dak wat hulle sien.



Teëls	✓	✓	✓	✓	✓	✓					
Riet	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓
Hout	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓			
Sinkplaat	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓		

Hoeveel van elke soort dak sien jy?

Teëls _____ Riet _____ Hout _____ Sinkplaat _____

Watter soort dak is die gewildste? _____

Hoeveel dakke tel hulle altesaam? _____



Hoedgroottes

Die seuns by Juma Skool dra skoolpette.

Die pette kom in grootte 2, 3 en 4.

2	2	3	2	3	4	4	3	2	3	2	3
4	2	2	3	3	3	2	2	2	3	4	4
2	3	2	3	4	2	4	4	3	4	2	2
2	2	3	3	3	4	2	2	2	3	3	4
4	2	2	2	3	4	2	4	4	3	2	



Tel hoeveel van die verskillende grootte pette die leerders dra.

2 _____ 3 _____ 4 _____

Watter is die algemeenste grootte? _____

Kontroleer!
Vergelyk!
Maak reg!


Onderwyser:
Teken:
Datum:


Werk in sentimeter


Kwartaal 4



Hoe lank is die gekleurde streep?









Skat eers en meet dan die strepe.
Voltooi die tabel.

Streep	Skatting	Meting	Verskil tussen skatting en meting





Gebruik 'n liniaal om die volgende lyne te trek.

a. 10 cm

b. 7 cm

c. 15 cm



Sê of jy die volgende in meter of sentimeter sal meet.

- Die lengte van 'n boek _____
- Die hoogte van 'n deur _____
- Die lengte van 'n potlood _____
- Jou lengte _____
- Die lengte van jou vinger _____

Onthou die korter woorde (afkortings) wat ons gebruik om sentimeter (cm) en meter (m) te skryf.



Gedurende die jaar het jy jou tien kleurpotlode gebruik. Jou potlode was 15 cm lank voordat jy hulle begin gebruik het.

Nadat jy dit gebruik het, is jou rooi potlood 7 cm lank, die bloue 5 cm, die groene 6 cm, die gele 11 cm, die pers een 12 cm, die oranje een 9 cm, die bruine 14 cm, die swarte 8 cm, die pienke 13 cm en die witte 15 cm.



- Watter potlood het jy die meeste gebruik? _____
- Watter potlood het jy die minste gebruik? _____
- Skryf die lengte van jou potlode van die kortste tot die langste neer. _____



Onderwyser:
Teken:
Datum:

11 12 13 14 15 16 17 18 19 20

98

Datum:

Getalle van 700 tot 800

Kwartaal 4



Tel en skryf.

- a. Gebruik die volgende kaart om jou te help om van 700 tot 800 te tel. Sê die getalle hardop terwyl jy tel.

700



701			704						710
						718			
	722								
				736					
741								749	
						758			
		773							
						788		790	
	792			795					800

- b. Skryf die ontbrekende getalle op die getallebord hierbo in.
 c. Skryf die 10 getalle wat ná 750 kom.

750; _____; _____; _____; _____; _____; _____; _____; _____; _____

- d. Skryf die volgende 8 getalle in die 2'e-patroon.

762; 764; 766; _____; _____; _____; _____; _____; _____

- e. Skryf al die getalle in die 2'e-patroon van 751 tot 773.


751; _____; _____; _____; _____; _____; _____; _____; _____; 773

- f. Skryf die volgende 8 getalle in die 5'e-patroon.

751; 756; 761; _____; _____; _____; _____; _____



Hoeveel blokkies tel jy?



Hoe het jy die blokkies getel?



Voltooi die getallelyne.

750			753				757		759	
							789	788	787	
					753	756	759			



Voltooi die tabel.

Skryf van die kleinste tot die grootste.

Skryf van die grootste tot die kleinste.

776, 772, 779, 770, 778		
736, 703, 730, 713, 703		



Skryf die volgende in woorde.

788	
-----	--

Onderwyser:

Teken:


Datum:

Datum: _____

qq


Nog getalle van 700 tot 800

Kwartaal 4




Pieter het die volgende plekwaardekaarte en basis 10-blokkies.

Die onderwyser vra Pieter om 759 met sy kaarte en blokkies te wys.



Dit is wat Ben gewys het. Wat het hy verkeerd gedoen?



Skryf 'n getaltesin en dan die antwoord.

$700 + 60 + 7 = 767$	<input type="text"/>	<input type="text"/>



Skryf 'n getaltesin en dan die antwoord.

$700 + 90 + 9$ <input type="text"/> <input type="text"/>	$500 + 50$ <input type="text"/> <input type="text"/>	$60 + 5$ <input type="text"/> <input type="text"/>
--	--	--





Voltooi die getallelyn.

789	790	791								799
-----	-----	-----	--	--	--	--	--	--	--	-----

Skryf al die getalle kleiner as 795. _____

Skryf al die getalle groter as 795. _____



Vul $<$, $>$, of $=$ in.

a. 799 _____ 766

b. 745 _____ 750

c. $700 + 90 + 7$ _____ 767



Breek jou getal op.

a. Bou elke getal met jou kaarte.

b. Skryf die waarde van elke syfer neer.

790	
689	
699	
755	
690	

Voorbeeld: 799

700
90
9
799
799 = 700 + 90 + 9



Skryf die getalname.

668	
757	
799	
742	
691	



Onderwyser: _____
 Teken: _____
 Datum: _____

Datum: _____

100

Getalle van 800 tot 900

Kwartaal 4



Tel en skryf.

a. Gebruik die volgende kaart om jou te help om van 800 tot 900 te tel. Sê die getalle hardop terwyl jy tel.

800



801			804					810
						818		
	822							
				836				
841							849	
						858		
		873						
						888		890
	892			895				900

b. Skryf die ontbrekende getalle op die getallebord hierbo in.

c. Skryf die 10 getalle neer wat ná 800 kom.

800; _____; _____; _____; _____; _____; _____; _____; _____; _____

d. Skryf die volgende 8 getalle in die 2'e-patroon neer.

852; 854; 856; _____; _____; _____; _____; _____

e. Skryf al die getalle in die 2'e-patroon van 807 tot 829.

807; _____; _____; _____; _____; _____; _____; _____; _____; 829


f. Skryf die volgende 8 getalle in die 5'e-patroon.

834; 839; 844; _____; _____; _____; _____; _____





Hoeveel blokkies tel jy?



Hoe het jy die blokkies getel?



Voltooi die getallelyne.

830			833				837	838		
							876	881	886	
					843	846	849			



Voltooi die tabel.

Skryf van die kleinste tot die grootste.

Skryf van die grootste tot die kleinste.

856, 853, 855, 851, 857		
898, 801, 810, 819, 891		



Skryf die volgende in woorde.

845	
-----	--


Onderwyser:

Teken:

Datum:


Nog getalle van 800 tot 900

Kwartaal 4




Pieter het die volgende plekwaarde en basis 10-blokkies.

Die onderwyser vra Pieter om 854 met sy kaarte en blokkies te wys.



Dit is wat Ben gewys het. Wat het hy verkeerd gedoen?



Skryf 'n getaltesin en dan die antwoord.

$800 + 80 + 5 = 885$



Skryf 'n getaltesin en dan die antwoord.

800 + 50 + 2

=

800 + 90 + 7

800 + 3



Voltooi die getallelyn.

889	890	891									900
-----	-----	-----	--	--	--	--	--	--	--	--	-----

Skryf al die getalle kleiner as 894. _____

Skryf al die getalle groter as 894. _____



Vul <, >, of = in.

a. 899 _____ 898

b. 802 _____ 820

c. $900 + 70 + 5$ _____ 785



Breek jou getal op.

a. Bou elke getal met jou kaarte.

b. Skryf die waarde van elke syfer.

890	
889	
802	
855	
840	

Voorbeeld : 876

8	0	0
7	0	
	6	
8	7	6

876 = 800 + 70 + 6



Skryf die getalname.

889	
825	
803	
830	
899	



Onderwyser: _____
 Teken: _____
 Datum: _____


Datum: _____

Weeg dinge

Kwartaal 4



Kyk na die volgende prente en beantwoord die vrae.



- Is die 1 kg-waspoeier ligter of swaarder as die 2 kg-waspoeier?

- Wat is die ligste: die 500 g-ontbytkos of die 200 g-beskuitjies?

- Wat is die swaarste: die 100 g-velsorgroom of die 1 kg-pakkie stampkoring?



Hoeveel weeg ons almal saam?

Ek weeg 25 kg, my maat weeg 29 kg en my broer weeg 45 kg.





Hoeveel weeg die produkte saam?

Die eerste produk weeg 1 kg 500 g, die tweede produk weeg 3 kg 500 g en die laaste produk weeg 2 kg 500 g.





Kyk na die prentjies en beantwoord die vrae.



Hoe kan ek 3,5 kg as kilogram en gram skryf?



Voltooi die tabel.

Jou onderwyser sal jou vyf voorwerpe gee om na te kyk. Skat hulle gewig en weeg dit dan.

Voorwerp	Skatting	Meting	Verskil tussen skatting en meting



Hoeveel weeg die produkte saam?

Die eerste produk weeg 2 kg 500 g, die tweede produk weeg 1 kg 500 g en die laaste produk weeg 3 kg 500 g.



Onderwyser: _____

Teken: _____

Datum: _____

Kom ons weeg nog 'n bietjie

Massa is die mate van hoeveel goed of stof daar in 'n voorwerp is. Hoe meer daar is, hoe moeiliker is dit om die voorwerp te skuif.


Gewig is die mate van die swaartekrag wat daardie stof aftrek. Daar is minder swaartekrag op die maan, dus weeg dinge daar minder.

Hier op aarde gebruik ons dieselfde mates vir massa en gewig vir alledaagse doeleindes. Ons meet massa in kilogram en gram.

Verskillende skale

Ons gebruik verskillende skale om massa en gewig te meet. Ons meet massa met 'n balansskaal en gewig met 'n veerskaal.

'n Liter water het 'n massa van 1 kg.



Hierdie vis weeg 3 kg





Bepaal die gewig.


Skryf die gewig in kg wat op elkeen van hierdie veerskale staan.

















Ons gebruik gram om die massa van kleiner of ligter voorwerpe of breuke van 'n kilogram te meet.


$$1\ 000\text{ g} = 1\text{ kg}$$

Op hierdie kombuis skaal dui elke klein strepie 10 gram aan. Die tamaties weeg 320 gram.




Hoeveel weeg hulle?


Teken waarheen die pyl op die skaal elke keer moet gaan.



7 kg



4 kg



6 kg



Maak 'n kilogram.

Tel by om 1 kg (1 000 g) te maak.

a. $125\text{ g} + 250\text{ g} + 125\text{ g} + \underline{\hspace{2cm}}\text{ g} = 1\ 000\text{ g (1 kg)}$

b. $50\text{ g} + 30\text{ g} + 240\text{ g} + 60\text{ g} + 100\text{ g} + \underline{\hspace{2cm}} = 1\text{ kg}$

c. $57\text{ g} + 46\text{ g} + 243\text{ g} + 334\text{ g} = \underline{\hspace{2cm}} = 1\ 000\text{ g (1 kg)}$

d. $50\text{ g} + 90\text{ g} + 160\text{ g} + \underline{\hspace{2cm}} = 1\ 000\text{ g (1 kg)}$

Onderwyser:
Teken:
Datum:

Datum:

Getalle van 900 tot 1 000


Kwartaal 4



Tel en skryf.

a. Gebruik die volgende kaart om jou te help om van 900 tot 1 000 te tel. Sê die getalle hardop terwyl jy tel.

900



901		903							910
								919	
		943				948			
981									
991								999	

b. Skryf die ontbrekende getalle op die getallebord hierbo in.

c. Skryf die 10 getalle wat ná 900 kom.

900; _____; _____; _____; _____; _____; _____; _____; _____; _____

d. Skryf die volgende 8 getalle in die 2'e-patroon.

946; 948; 950; _____; _____; _____; _____; _____

e. Skryf al die getalle in die 2'e-patroon van 945 tot 967.


945; _____; _____; _____; _____; _____; _____; _____; _____; 967

f. Skryf die volgende 8 getalle in die 5'e-patroon.

936; 941; 946; _____; _____; _____; _____; _____



Hoeveel blokkies tel jy?



Hoe het jy die blokkies getel?



Voltooi die getallelyne.

950			953				957	958		
							956	961	966	
					903	906	909			



Voltooi die tabel.

Skryf van die kleinste tot die grootste.

Skryf van die grootste tot die kleinste.

936, 933, 935, 931, 937	
978, 907, 970, 917, 971	



Skryf die volgende in woorde.

695	
-----	--


Onderwyser:

Teken:

Datum:



Nog getalle van 900 tot 1000

Kwartaal 4



Die juffrou vra Andile om 932 met sy kaarte en blokkies te wys.

Dit is wat Gugu gewys het. Wat het sy verkeerd gedoen?



Andile het die volgende plekwaardekaarte en basis 10-blokkies.



Skryf 'n getaltesin en dan die antwoord.

$900 + 80 + 4 = 984$



Skryf 'n getaltesin en dan die antwoord.

900 + 90 + 9 = _____

= _____

900 + 20 = _____

= _____

900 + 8 = _____

= _____



Voltooi die getallelyn.

989	990	991								999
-----	-----	-----	--	--	--	--	--	--	--	-----

Skryf al die getalle kleiner as 995. _____

Skryf al die getalle groter as 995. _____



Vul <, >, of = in.

a. 999 _____ 998

b. 957 _____ 975

c. $900 + 60 + 1$ _____ 961



Breek jou getal op.

- a. Bou elke getal met jou kaarte.
- b. Skryf die waarde van elke syfer neer.

922	
959	
980	
907	
931	

Voorbeeld: 984

9	0	0
8	0	
	4	
9	8	4

984 = 900 + 80 + 4



Skryf die getalname.

976	
905	
950	
821	
909	




Onderwyser:
Teken:
Datum:

Optelling en aftrekking tot by 999

Kwartaal 4



Skryf 'n getaltesin vir elkeen.



Verduidelik hoe jy die blokkies getel het.

Verduidelik hoe jy die blokkies getel het.



Gebruik die voorbeeld om jou te help.

50	50	50 verdubbel is 100	300	300	
200	200		3	3	



Gebruik bynadubbelgetalle om die volgende op te los. Gebruik die voorbeeld om jou te lei.

a. $43 + 44 =$	43 verdubbel + 1	$43 + 43 + 1 = 87$
b. $81 + 41 =$		
c. $40 + 41 =$		
d. $66 + 67 =$		



Gebruik dubbelgetalle of bynadubbelgetalle om die volgende op te los. Gebruik die voorbeeld om jou te help.

a. 340 verdubbel
 $= 340 + 340$
 $= 340$ verdubbel
 $= 300 + 300 + 40 + 40$
 $= 600 + 80$
 $= 680$

b. $340 + 341$
 $= 340$ verdubbel + 1
 $= 300 + 300 + 40 + 40 + 1$
 $= 600 + 80 + 1$
 $= 681$

c. $470 + 470$

d. $461 + 462$



Los die volgende op:



Die Graad 2's het 'n versameling van 360 albasters.
 Die Graad 3's het 216 minder albasters as die Graad 2's.
 Hoeveel albasters het die Graad 3's?

Onderwyser:
 Teken:
 Datum:

In en om die huis



Bakdag.


Tannie Sophie bak brood in haar oond.
Wys hoe laat dit is op hierdie horlosies.



Sy sit die brood **kwart oor 4** in die oond.

Sy haal die brood **vyf oor vyf** uit.

Hoe lank bak die brood?



Ann se ma gebruik 'n mikrogolfoond. Dit is baie vinniger.

Dit is nou 16:30. Kyk na die baktijd wat op die mikrogolfoond gestel is.

Wanneer sal die brood gereed wees? _____

Hoeveel vinniger is die mikrogolf as die ander oond? _____ minute.



Oggendwerk.



Maria en Pauline help Saterdag hulle ma in die huis. Hoe lank neem elke taak?

	Begin	Eindig	Hoe lank?
Maak ontbyt	6:15	6:40	
Was skottelgoed	7:20	8:05	
Maak die kombuis skoon	8:20	9:15	
Maak die badkamer skoon	10:00	10:25	
Maak die slaapkamers skoon	11:30	12:15	



Gooi die tuin nat.

'n Tuinslang kan tot 30 liter water binne 1 minuut gebruik!

Hoeveel liter water kan 'n tuinslang gebruik binne ...

2 minute? _____ liter

2 1/2 minute? _____ liter

5 minute? _____ liter








10 minute? _____ liter



Kook kerriekos.

Babu se pa maak en verkoop kerriekos. Binne een week gebruik hy 750 ml olie.

Hy skryf neer hoeveel olie hy elke dag gebruik.

Ma	Di	Wo	Do	Vr	Sa	So
 98 ml	 122 ml	 108 ml	 117 ml	 109 ml	 135 ml	 ?

a. Hoeveel milliliter (ml) olie gebruik hy van Maandag tot Saterdag?
_____ ml

b. Hoeveel milliliter (ml) olie gebruik hy Sondag? _____ ml

c. Een 750 milliliter- (ml-) bottel olie kos R18,50.
Hoeveel kos 4 bottels? _____.



Kontroleer!
Vergelyk!
Maak reg!



Onderwyser:
Teken:
Datum:

Datum: _____

Werk met geld

Kwartaal 4



Tel munte en note.

$10 \times \text{R}10 = \text{R}100$	$20 \times \text{R}10 = \text{R}200$	$50 \times \text{R}10 = \text{R}500$	$100 \times \text{R}10 = \text{R}1000$
$10 \times \text{R}20 = \text{R}200$	$20 \times \text{R}20 = \text{R}400$	$50 \times \text{R}20 = \text{R}1000$	$100 \times \text{R}20 = \text{R}2000$
$10 \times \text{R}50 = \text{R}500$	$20 \times \text{R}50 = \text{R}1000$	$50 \times \text{R}50 = \text{R}2500$	$100 \times \text{R}50 = \text{R}5000$
$10 \times \text{R}1 = \text{R}10$	$20 \times \text{R}1 = \text{R}20$	$50 \times \text{R}1 = \text{R}50$	$100 \times \text{R}1 = \text{R}100$
$10 \times \text{R}10 = \text{R}100$	$20 \times \text{R}10 = \text{R}200$	$50 \times \text{R}10 = \text{R}500$	$100 \times \text{R}10 = \text{R}1000$

$100 \times \text{R}10 = \text{R}1000$	$100 \times \text{R}50 = \text{R}5000$	$100 \times \text{R}10 = \text{R}1000$
$100 \times \text{R}20 = \text{R}2000$	$100 \times \text{R}1 = \text{R}100$	



'n Treinrit.

Kgethi en haar 3 kinders ry met die trein.
 Volwassenes en kinders betaal dieselfde.
 Kgethi betaal met hierdie note.



Sy kry R30 kleingeld.

